

**26 April**

**Skrifgedeelte: Markus 13:14-23 (OAV)**

### **Die tyd van die verwoeste tempel**

Hier in vers 14-23 gryp Jesus terug na sy waarskuwing oor die tempel se verwoesting en leer Hy sy dissipels oor gebeure in 'n tyd waarin die tempel verwoes is.

Wat is nodig vir die kerk in hierdie tyd vanaf die verwoesting van die tempel tot met die wederkoms? Insig in die gebeure van die tyd! Ten eerste begrip dat terugkyk en vasgryp aan die rus en vrede van die verlede vergeefs is. 'n Tyd van verdrukking is 'n onafwendbare werklikheid. En almal word daardeur getref: gelowige en ongelowige, die wat tyd het vir ontspanning op die dak van sy woning en die arbeider op die land – almal sal aan die swaarkry onderwerp word. Só groot sal die verdrukking wees dat selfs kinders, in plaas van hoop vir die toekoms, kommer vir hulle ouers sal beteken – vrees oor wat die toekoms vir hulle kinders sal inhou. Die hele lewe word dan 'n wegvlug en 'n swerftog en wanneer hierdie vlug nog plaasvind op die Rusdag, bly daar geen rus meer oor nie. Genadiglik sal die uitverkorenes, ook in sulke dae, die genade en liefde van die Here beleef. Hulle sal beleef hoe Hy die dae verkort sodat die verdrukking draaglik sal wees.

Hierdie tyd van verdrukking is ook 'n tyd van innerlike beproewing. Dit word gekenmerk deur die misleiding deur talle valse christusse en valse profete. Van oral sal daar berigte kom van skynverlossers en hulle leringe en skynprofete sal wonders en tekens verrig. Dit is alles daarop gemik om die uitverkorenes te mislei en van Christus te probeer vervreem.

Toon daarom insig in hierdie tyd waarin ons lewe! Insig wat jou biddend laat opkyk na die Here en jou op jou hoede stel vir die aanslag van buite en binne. Geloofsinsig wat vashou aan die wete dat God sy uitverkorenes nie verlore laat gaan nie.

*Sing: Skrifberyming 33:2,3*

*Ds BC Smit (Brits-Wes)*